ding, van watter aard dit ook al is, wat verskaf word. Origens vind ons dat alhoewel volwasse blinde Bantoes hulle opleiding in stedelike gebiede mag ontvang, daar nie verwag word dat hulle aldaar in diens geplaas moet word nie.

Hierdie probleem word deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling besef en die Raad is uitgenooi om in 'n Interdepartementele Komitee vir Beroepsopleiding in Spesiale Skole vir Bantoekinders te dien. Die uitnodiging sal sonder twyfel met graagte deur die Raad aanvaar word.

## WELSYNSWERK VIR BLINDES IN LANDELIKE GEBIEDE GEÏNTEGREER TE WORD MET STAATSONTWIKKELINGSKEMAS.

Dit is in hierdie stadium nodig om te verwys na 'n aanbeveling deur die Wêreldraad vir die Welsyn van Blindes in verband met die dienste wat gelewer word aan blindes in die landelike gebiede van die wêreld. Die W.R.W.B. is van mening dat sodanige dienste alleenlik suksesvol en inderdaad alleenlik uitvoerbaar kan wees indien hulle gekoppel of geïntegreer is met die omvattende gemeenskapsontwikkelingskemas van die Staat. 'n Vereniging vir blindes wat byvoorbeeld op eie houtjie werk, sal nie veel tot stand bring nie, of ten minste sy pogings sal grotendeels ondoeltreffend wees tensy sy bedrywighede nou gekoördineer of geïntegreer is met die Staatsontwikkelingskema van daardie besondere gebied. Hierdie aanbeveling word blykbaar geredelik aanvaar in die Unie waar die Bantoe-owerhede skemas ontwikkel het vir die reservate en waar hulle afdoende bewys gelewer het dat hulle begerig is om in noue samewerking met die Raad en sy samestellende verenigings te werk.

## VERSKUIWING VAN WERKWINKELS WAT OP VERKEERDE PLEKKE GELEË IS.

Met die naderende oorplasing van welsynsdienste vir die Bantoe na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling is sake op die oomblik ietwat deurmekaar. Die grootste moeilikhede word opgelewer deur die verskuiwing ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, van werkswinkels vir die Bantoe wat tans verkeerd geleë is. Die verwagting is dat dieselfde sal geld ten opsigte van die werkswinkels van die Kleurlingblindes waarvan sommige ook verkeerd geleë is. Die moeilikheid is nie een van die verkryging van ander geskikte terreine nie, in welke opsigte die Departement baie hulpvaardigheid betoon het, maar ook meer in besonder die verkryging van kapitaalfondse om die verskuiwing moontlik te maak. Daar word opreg gehoop dat die betrokke Departement buitengewone mildadigheid sal toon by die voorsiening in hierdie kapitaalbehoeftes.

Die Natalse Indiër-blindesorgvereniging blyk een van die aktiewe verenigings in die Unie te wees. Dit het die inisiatief geopenbaar om 'n werkswinkel in Durban op te rig sonder die gewone subsidie op kapitaaluitgawes. Ons hoop dat die subsidie as gevolg van onderhandelinge verskaf sal word.

Die Natalse Blanke en Kleurlingblindesorgevereniging het met behulp van 'n behuisingslening, verkry deur bemiddeling van die Stadsraad, 'n baie aantreklike tehuis vir kleurlinge, mans sowel as vroue, opgerig. Die behoefte aan so 'n tehuis is reeds 'n geruime tyd

gevoel.

Handelende met die ontwikkelings vir nie-blanke blindes is dit van pas om die drie bestaande skole vir blinde Bantoekinders te meld, asook die vooruitsig dat nog twee opgerig gaan word.

Oor die algemeen reken ek dat met reg gesê kan word dat daar redelik goed omgesien word na die belange van die nie-blanke blindes en dat die bestaande voorsiening 'n stewige kern vir verdere ontwikkeling is.

## D. DIE KOMITEE VAN DIE BURO VIR DIE VOORKOMING VAN BLINDHEID.

Soos reeds in vorige verslae gemeld, beskou die Raad sy voorkomingsdienste as een van sy hoofaktiwiteite. Sy eerste plig is natuurlik teenoor die blindes wat ons by ons het; na hulle belange moet omgesien word en ook moet hulle gehelp word om 'n volle lewe te ly. Nie minder belangrik nie is die poging om die ontstaan en die ontwikkeling van blindheid te voorkom. Met die middele tot sy beskikking poog die Raad om die een te doen sonder om die ander te verwaarloos of te verontagsaam.

Die Raad se voorkomingsdienste het drie aspekte. Ons leef in 'n eeu van publisiteit en propaganda, en die Raad maak uit die aard van die saak gebruik van hierdie sielkundige tegniek. Boonop bevorder die Raad genesende maatreëls in gevalle waar herstel nog prakties moontlik is, en in derde instansie gebruik hy die eksperimentele metode van navorsing wat ontwerp is om die oorsprong van siekte wat blindheid ten gevolg het, uit te skakel.

Daar is net meer as 30,000 geregistreerde blinde persone in die Unie hoewel die werklike getal meer mag wees. Daar word geskat dat ongeveer 27,000 hiervan Bantoes is en dat die blindheid van een-derde van hulle veroorsaak is deur besmetting wat verhoed kan word. 'n Opname wat gedurende 1957 gemaak is in Noord-Transvaal, waar tragoom algemeen voorkom, het bewys dat tragoom beslis verantwoordelik is vir die blindheid van die helfte van die gevalle. Dit was dus vanselfsprekend dat die Buro van die Raad besluit het om op hierdie siekte te konsentreer. Die benadering was tweevoudig, te wete massabehandeling met antibiotiese salf gevolg deur individuele behandeling en die ontwikkeling van effektiewe entstof vir immuniteit teen besmetting.

Dit is veelseggend dat daar min of geen tragoom in die Transkei en Zoeloeland was nie, en ook het dit nie voorgekom in Bantoedorpe geleë naby stede nie. Die voorkoms in die Alexandria-bantoedorp, naby Johannesburg, was byvoorbeeld net 7%. Alhoewel mens nie geredelik 'n verduideliking ten opsigte van die Transkei en Zoeloeland kan gee nie, is die rede vir die redelike gunstige toestande wat in stedelike Bantoedorpe heers, vermoedelik die beter basiese gesondheidsdienste en -toestande, waaronder ingesluit word klinieke en die onderbewuste higiëniese gewoontes wat ontwikkel is deur die Bantoes wat by blankes in diens is.

Die metode van massabehandeling in die veld is begin deur twee lede van die Burokomitee, te wete dr. J. Graham Scott en dr. I. B. Taylor, wat ook toesig gehou het daaroor. Hulle eksperimente het duidelike sukses getoon — om die waarheid te sê, dramatiese sukses. Die eksperimente was beperk tot suigelinge en skoolkinders en het getoon dat die invloedsfeer van tragoom oor 'n tydperk van drie jaar

verminder kan word tot onbeduidende afmetings deur die gebruik van 1% chloramfenikalsalf drie maal per dag vir drie dae elke maand gedurende die somer. Die behandeling van babas gedurende daardie tydperk het 'n daling van 63% tot 17% getoon, maar ongelukkig het die voorkoms van die siekte onder babas maar nie onder skoolkinders nie, weer tot die oorspronklike syfer gestyg nadat die behandeling gestaak is. Her-infeksie het onder die babas voorgekom maar nie onder skoolkinders nie, en dit is dus raadsaam om behandeling tot skole te beperk en dat Bantoeveldwerkers die moeders inlig aangaande die behandeling van hul babas en besmette volwassenes op 'n individuele basis. Dit is alleenlik op dié wyse dat die bron van besmetting beperk kan word, en afgesien van die ontwikkeling van 'n voorbehoedende entstof, mag hierdie metode opsigself, indien dit konsekwent toegepas word, moontlik die siekte uiteindelik inderdaad uitwis.

Intussen, gedurende 1959, is massabehandeling vervang deur individuele behandeling. Daar is gevind dat alhoewel tussen 60% en 70% van die gevalle genees is, die res taamlik weerstand gebied het teen behandeling. As gevolg hiervan is nuwe behandelingsmetodes aangewend wat behandeling deur die mond met sulfonomides insluit.

Dit sou verkeerd wees om te beslis dat oorwinning binne sig is. Verdere eksperimentele werk is nodig en die resultate sal wetenskaplik bereken moet word op die basis van statistiese gegewens. In kort, die probleem wat onder die oë gesien moet word, is of antibiotiese middels beter resultate lewer as om met seep en water te was, en wat die goedkoopste is om te verskaf in gebiede waar daar geen watervoorraad is nie.

## NAVORSING VIR ENTSTOF.

Met betrekking tot die navorsingswerk wat gedoen word met die doel om 'n geskikte voorbehoedmiddel te vind (dit is die derde fase van die Buro se voorkomingsdienste), kan gerapporteer word dat die tragoomvirus geïsoleer en gekweek is in die virusafdeling van die Poliomiëlitis-navorsingslaboratorium in Johannesburg. Dit is paslik dat in hierdie verband die name van dr. J. Gear en mej. Whitney, 'n navorsingstegnikus, genoem word, asook dié van een van die oogartse wat reeds hierbo genoem is. Hierdie ontwikkeling maak verdere werk vir 'n entstof teen tragoom moontlik. Ten einde misverstand te vermy, moet daarop gewys word dat afgesien van die feit dat 'n geskikte entstof ontwikkel is, behandeling nog nodig is, aangesien die entstof bloot voorkomend is.

Die aanvanklike pogings om die entstof te toets, was ongelukkig nie suksesvol nie maar die geskiedenis van mediese soos van ander wetenskaplike navorsing, toon die behoefte aan geduld en deursettingsvermoë afgesien van herhaalde mislukking. Die komitee en sy navorsers is egter nie van plan om die handdoek in te gooi nie, tensy hulle daartoe gedwing word deur die gebrek aan geldelike hulpbronne — 'n moontlikheid wat beslis nie denkbeeldig is nie. Die uitgawes is tot dusver deur privaatbronne gedek. Die Departement van Gesondheid kan nie navorsingswerk subsidieer nie — dit is die funksie van die W.N.N.R. Ek hoop regtig dat dit nie vir ons nodig sal wees om 'n beroep op internasionale stigtings of die Wêreldgesondheidsorganisasie te doen nie. Ek weet uit persoonlike ondervinding dat ons oorsee gereken word as 'n welvarende land, wat ons in werklikheid is. Die tegniese hulp wat deur die Verenigde Volke en sy gespesialiseerde

buro's verskaf word, is primêr ontwerp vir opkomende lande. Intussen is ons dank verskuldig aan die Deferred Payments Board wat tot dusver die meeste van die onkoste gedra het.

Tragoomnavorsing het vrywilligers geverg en 25, onder wie 'n Bantoe en 'n Indiër, het hulleself aangebied. Drie is gekies vir die eksperimentele toetse wat nie sonder gevaar was nie, te wete mnr. Theo van Wyk, mev. M. Graves en mnr. H. McKay. Tydens die seremonie wat by geleentheid van die Uitvoerende Komiteevergadering in Maart 1960 gehou is, het die Raad sy waardering vir hulle moed en opoffering betoon.

Daar was egter 'n onverwagte nadraai ten opsigte van hierdie eksperimente. In die Suid-Afrikaanse Regstydskrif (1960 LXXVII. 117) betwyfel 'n skrywer dit of die toestemming van 'n persoon wat toelaat dat hy met 'n gevaarlike virus besmet word, voldoende regsbeskerming, òf siviel òf krimineel, verleen. Die skrywer is geneig om te meen, en om die waarheid te sê maak hy die positiewe stelling, dat ons regstelsel wat 'n persoon toelaat om homself as 'n menslike proefkonyn beskikbaar te stel vir 'n gevaarlike eksperiment, geen beskerming aan so 'n persoon bied nie. Hy maak die interessante opmerking dat die wetenskap die openbare mening en die regsfilosofie voorgespring het. Die Burokomitee sal ongetwyfeld hierdie interessante dog lastige ontwikkeling ondersoek.

## MOBIELE OOGHEELKUNDIGE DIENSTE.

Hierdie dienste het reeds bekendheid verwerf in die meeste landelike Bantoegebiede. Bantoesakekommissarisse, distriksgeneeshere en ander Bantoeowerhede doen gereeld navraag oor hierdie dienste, en daar is inderdaad 'n lang waglys. Die maksimum hoeveelheid toere wat jaarliks met behulp van 'n voltydse oogarts onderneem kan word, is elf. Die eenheid van St. John vul nog steeds, wanneer nodig, die Raad se bedrywighede op hierdie gebied aan, maar tot nog toe het die Departement van Gesondheid nie sy weg oopgesien om 'n subsidie te betaal nie. Ons is dankbaar om te kan meld dat die Natalse Vereniging vir Bantoeblindes, in noue samewerking met die Raad se Buro, ook gereeld velddienste lewer. Van die 7de tot die 12de Maart (om maar een voorbeeld van die Vereniging se voorkomingsdiens te noem) is oogheelkundige dienste in drie sentra gelewer waar 133 gevalle behandel is.

## TEGNIESE DIENSTE VIR SENDINGHOSPITALE.

Gereelde oogheelkundige dienste is op Mount Coke, Kingwilliamstown en Mafeking gelewer, asook aan 'n aantal Transvaalse Sendinghospitale. Die onderskeie provinsiale administrasies betaal vir hierdie dienste. Dit was nodig om die dienste in die Transvaal uit te brei, en die Administrasie is gevra of hy bereid sal wees om 'n verhoogde subsidie toe te staan.

## INDUSTRIËLE OOGHEELKUNDE.

'n Konferensie oor Industriële Oogheelkunde, die eerste van sy soort in die Unie, is gehou en die verslae sal binnekort in boekvorm verskyn. Die verantwoordelike Komitee het in raadpleging met N.O.S.A. en ander belanghebbende liggame 'n program van aksie opgestel ten einde die ooggesondheid van nywerheidswerkers te beskerm.

## HORINGVLIESOORPLANTING.

Daar is steeds met horingvliesoorplanting vordering gemaak vanweë verbeterde administratiewe prosedure en die feit dat die publiek die vereistes daarvan beter verstaan. Wysiging van die Wet op Lykskouings en die Verwydering van Menslike Weefsels is oorweeg en geformuleer, maar die voorgestelde wysigings sal oorgehou word in afwagting van samesprekings en voorstelle van ander organisasies wat belang het by weefsels, die oë uitgesonder, vir terapeutiese doeleindes. Die uitslag van die samesprekings mag ten gevolg hê dat voorgestel word dat 'n nasionale bank vir menslike weefsels gestig word.

## VOORSIENING VAN OPTIESE HULPMIDDELS.

Die Buro, in sy hoedanigheid as agent vir die Departement van Gesondheid, het kontaklense en ander spesiale optiese hulpmiddels voorsien aan behoeftige pasiënte van alle rassegroepe. Die Departement aanvaar die tegniese advies van die Buro vir sover hy die geskiktheid en die behoeftes van hierdie gevalle betref, en die uitgawes deur die Buro in hierdie verband aangaan, word terugbetaal.

## OOGHEELKUNDIGE GENETIKA.

'n Komitee is gestig om oorerflike blindheid te bestudeer en toekomstige ouers van raad te dien.

## PERSONEEL.

Nadat sonder welslae ook in Engeland en Holland geadverteer is, het die Buro uiteindelik daarin geslaag om die dienste van 'n voltydse oogarts te verkry. Deur die bemiddeling en goedkeuring van die S.A. Mediese Raad is dr. T. Hildenbrand in Februarie 1960 in die personeel van die S.A. Instituut vir Mediese Navorsing aangestel, wat hom aan die Buro gesekondeer het om laasgenoemde se velddienste te onderneem. Ons betreur die bedanking en vertrek van suster H. den Boer wat sewe jaar lank voortreflike diens gelewer het as oogheelkundige verpleegster vir die Buro se werk in die veld. Ons heet dr. Hildenbrand hartlik welkom en ons beste wense vergesel suster Den Boer by haar welverdiende aftreding.

## ALGEMEEN.

## FINANSIES.

Finansies is die lewensbloed van vrywillige organisasies net soos (om voort te gaan met die metafoor) die entoesiasme en diensmotief van hul beherende komitees en ander vrywillige werkers as die hart van sulke liggame beskou kan word. Alles is nie wel met die finansies van die Raad nie; dit wil voorkom asof dit in die onbenydenswaardige en gevaarlike gewoonte geraak het om die afgelope jare 'n tekort te toon. Indien so 'n toestand sou voortduur en die skraal reserwes aangewend word om die tekort aan te vul. sal die verloop van die tyd (en ek is bevrees dat dit 'n kort tydperk sal wees) die einde bepaal.

Alhoewel die Raad nie 'n organisasie is wat van buite op die geaffilieerde liggame afgedwing is nie maar wel 'n saamgestelde liggaam is wat bestaan uit die verteenwoordigers van daardie verenigings, en dus geen bestaansreg het onafhanklik van die verenigings nie, is daar nietemin 'n botsing van belange (ek erken, dit is 'n baie menslike botsing), wanneer dit kom by die aanspreek van die publiek om fondse. Die groot bedrae is vanselfsprekend in die groter sentra verkrygbaar, maar dit is juis daar waar die geaffilieerde verenigings werksaam is. Hulle staan onvriendelik, in verskillende grade en sommige meer openlik as ander, teenoor die verskyning van die Raad op die terrein wat hulle as hulle besondere eiendom beskou.

Dit sou verkeerd wees om van hierdie paar eerlike opmerkings af te lei dat die Raad en sy verenigings in 'n atmosfeer van antagonisme met mekaar verkeer, verre daarvandaan. Dit is bloot 'n geval van misverstand, of noem dit meningsverskil indien u dit verkies, soos dié wat mens in enige gesin aantref. Bowendien wie sal 'n plaaslike vereniging blameer indien hy probeer om die maksimum bedrag te kry ten einde sy goeie werk soort te sit?

Ten einde my standpunt te verduidelik dat die Raad baie minder ontvang as waarop hy geregtig is, veroorloof ek my die vryheid om twee stedelike gebiede as voorbeeld te neem. Hierdie sentra is albei provinsiale hoofstede en die beroepe en kollektes word namens die Raad gedoen. In die een geval word 'n minimum van £6,000 jaarliks gekollekteer waarvan net £260 die Raad toeval; in die ander geval gemiddeld £9 beloop — die res word in eersgenoemde geval verdeel onder drie verenigings terwyl dit in laasgenoemde geval na een vereniging gaan.

Die Raad is nie net 'n koördinerende en beleidsformulerende liggaam nie; ooreenkomstig sy Konstitusie stuur hy ook skemas van stapel waar sulke skemas van nasionale aard is of waar hulle die hulpbronne van plaaslike verenigings oortref. Voorbeelde van sodanige skemas is nasionale voorkomingsdienste, die ontwikkeling en wysiging van die Braille-stelsel, die beheer van 'n depot en 'n rehabilitasiesentrum en die publikasie van 'n nuusbrief. Sonder hierdie dienste sal welsynswerk vir blindes veel armer daaraan toe wees, en daar kan met reg gesê word dat dit nie in die buiteland as een van die hoogs-ontwikkelde dienste gereken sal word nie.

Wat wel nodig is, is dat ons seker maak dat die gelde wat ontvang word van die publiek wat die welsynswerk vir blindes goedgesind is, eweredig verdeel word ooreenkomstig die behoeftes van al die betrokkenes. 'n Komitee van die Uitvoerende Komitee het onlangs vergader ten einde 'n prosedure vir fondsinsameling te ontwikkel wat sal aanpas by hierdie doel, en ek is seker dat die Rad dit aanvaarbaar sal vind. Die lede van die Komitee is gekies op grond van hul ondervinding van welsynswerk vir blindes en hul bevoegdheid ten opsigte van finansies van liefdadigheid — vanselfsprekend was almal ook lede van geaffilieerde verenigings. As lid van die Komitee kan ek die versekering gee dat besondere besorgdheid aan die dag gelê is ten opsigte van die finansiële belange van plaaslike verenigings. Ek vertrou dat die Raad hierdie skema sal goedvind, in elk geval as 'n eksperiment, met die verwagting dat dit daartoe sal bydra om dit uit sy huidige finansiële penarie te help.

## PERSONEEL.

Toe die Nasionale Raad gestig is, het dit begin met 2 personeellede, te wete 'n Sekretaris en 'n tikster, en op hierdie beskeie skaal het hy 'n hele aantal jare voortgegaan. Tans is daar 'n personeel van 23, van wie 4 nie-blankes is, te wete een Kleurling en drie Bantoes. Drie van die personeellede is blind. Die drie hoogste amptenare se salarisse is tans £1500, £1400 en £1350 waarby lewenskostetoelae, ondersteuningsfonds- en mediese fondsbydraes getel moet word. Die totale bedrag wat maandeliks aan salarisse uitbetaal word, is £1360, waarby getel moet word: lewenskostetoelae £283, ondersteuningsfondsbydraes £68 en mediese fondsbydraes £5. Die groottotaal per maand is dus £1717. Dit is die maatstaf van die Raad se groei deur die jare. Ingeval daar gedink word dat die Raad oor te veel personeel beskik, wil ek daarop wys dat die Onderkomitee vir Geld- en Algemene Sake van die Raad 'n waaksame oog oor die personeelposisie hou, veral die Voorsitter wie se Argus-oë, alhoewel blind, niks miskyk nie. Alhoewel ek nie tans dieselfde noue kontakt met die Raad se hoofkantoor het as wat ek gehad het terwyl ek in Pretoria woonagtig was nie, dink ek dat ek met veiligheid kan sê dat die Raad oor die algemeen goed gedien word deur sy personeel. Op sy beurt poog die Raad om 'n goeie werkgewer te wees. Hy dra by tot die ondersteuningsfonds sowel as tot die onlangs gestigte mediese bystandskema. Die salarisse en verlofvoorwaardes steek gunstig af by dié van ander organisasies. Die Algemene Sekretaris het ongelukkig baie las vanweë aanhoudende swak gesondheid en ons spreek ons opregte medelye met hom uit.

Aangesien mnr. Van Wijk in Junie volgende jaar aftree, sal die Uitvoerende Komitee vroegtydig die aanstelling van 'n opvolger in sy pos, wat die spil vorm waarom welsynsdienste ten opsigte van die blindes in die Unie draai, moet oorweeg.

## BANTOE-OOGARTS.

Die bemiddeling van die Burokomitee het ons dr. Tetane oorgehaal om van 'n winsgewende pos by die Johannesburgse Departement van Gesondheid af te sien en 'n kursus te volg ten einde as oogarts te kwalifiseer. Hy is 'n studiebeurs deur die Raad toegeken. Tans is hy as registrateur verbonde aan die nie-blanke hospitaal by Baragwanath, wat in noue samewerking met die St. John-ooghospitaal werk, en na twee jaar sal hy na die buiteland gaan om te kwalifiseer.

Daar is belowende vooruitsigte dat dr. Tetane 'n studiebeurs ingevolge die Gemenebes se Studiebeurs- en gemeenskapsplan kan kry om hom in staat te stel om in die buiteland te kwalifiseer. Daar word gehoop om hom 'n pos aan te bied wanneer hy terugkeer, sodat hy as oogarts in diens van die Raad en verbonde aan die Raad se mobiele eenheid sy eie mense mag bedien ooreenkomstig die Regeringsbeleid.

## KANTOOR VAN DIE OPENBARE SKAKELBEAMPTE.

Na aanleiding van vertoë deur die Raad in 1956 en weer in 1958 het die Uitvoerende Komitee in Maart 1959 mnr. Ellis aangestel in die nuwe pos van Openbare Skakelbeampte. 'n Onderkomitee is benoem om sy pligte te beheer en leiding te gee waar nodig en, net soos in die geval van die Onderkomitee vir Geld- en Algemene Sake, bestaan

die komitee uit lede van die Uitvoerende Komitee wat in Kaapstad woonagtig is. Mnr. Kellar-White, eertydse Algemene Bestuurder van die Standard Bank van Suid-Afrika, is 'n waardevolle gekoöpteerde lid in 'n adviserende hoedanigheid, en teenoor hom spreek ek my opregte dank uit vir sy waardevolle hulp, nie net vir sover dit komiteevergaderings betref nie, maar ook vir sy daaglikse hulp in die Kaapstadse kantoor. Met die opening van die kantoor van die skakelbeampte het alle aspekte van fondsinsameling na Kaapstad verskuif en die uniale beroepe word uit mnr. Ellis se kantoor gedoen, terwyl die streeks- en lokale fondsinsameling in die bekwame hande van die streeksorganiseerster, mej. Gillies, is.

Die aanstelling van mnr. Ellis as Openbare Skakelbeampte het die hoop dat verhoogde finansiële ondersteuning van die publiek ontvang sal word, laat ontstaan. Mnr. Ellis het na ons gekom van St. Dunstan's waar hy sy spore in dieselfde hoedanigheid verdien het. Hy praat oortuigend en het aansienlike vordering met Afrikaans gemaak, en hy behoort eersdaags daartoe in staat te wees om vergaderings op Pofadder in die taal van die distrik toe te spreek. Ons verwelkom hom in ons geledere, asook mev. Ellis, wat, vrees ek, haar sal moet vereenselwig met die gedagte om dikwels 'n grasweduwee te wees en soms selfs vir lang tydperke.

## KOMITEELEDE.

Dit is vir my aangenaam om dank oor te dra aan lede van die Uitvoerende en Vaste Komitees asook aan die onderkomitees wat van tyd tot tyd deur hulle aangewys word. Die lede toon geesdrif en belangstelling in hulle werk en 'n buitestaander wat nie bewus daarvan is nie, mag inderdaad dink dat hulle betaal word daarvoor. Daar is egter een ding wat by my kommer wek. Komiteelede moet uit die aard van die saak reise onderneem, en die totale mylafstand wat per motor afgelê word, mag 'n aansienlike uitgawe veroorsaak. Ek doen 'n beroep op voorsitters van komitees om die onkoste verbonde aan vergaderings gedurig in gedagte te hou.

## WYSIGING IN DIE WET.

Tydens die laaste sitting van die Parlement is die veelbesproke artikel 4(a) van die Wet op Blindes gewysig. Voorheen is die pensioen van 'n leerling wat 'n skool vir blindes verlaat het sonder dat hy sy kursus voltooi het en wat ook nie 'n sertifikaat van die prinsipaal kon voorlê ten effekte dat hy vanweë fisiese of geestelike toestand nie in staat is om sy kursus te voltooi nie, vir 'n onbepaalde tydperk opgeskort. Kragtens die wysiging word die pensioen nou in sulke gevalle weerhou totdat die ouderdom van 21 jaar bereik word, waarna die persoon dan geskik is om dit te ontvang. 'n Ander wysiging magtig die Goewerneur-generaal om aan 'n bepaalde minister of ministers besondere pligte kragtens die Wet toe te ken. Die Raad is reeds in kennis gestel dat die bepalings van die Wet, waar dit handel oor die Bantoe, deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling toegepas sal word. Daar word veronderstel dat die bepalings ten opsigte van die ander nie-blanke groepe aan die Minister belas met die Departement van Kleurlingsake oorgedra sal word. Die Raad

oorweeg ook wysigings in die Wet, maar met die oog op die aanstelling van 'n Interdepartementele Komitee vir Rehabilitasie is besluit om die verslag van die komitee af te wag. Die Raad het nietemin 'n memorandum aan die komitee voorgelê waarin verwys word na die wysigings wat die Raad in gedagte het.

## DEELSIGTIGE KINDERS.

'n Departementele Komitee waarin die Voorsitter van die Raad as voorsitter gedien het, het aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap 'n verslag voorgelê waarin 'n skema vir die onderwys van deelsigtige kinders van alle rassegroepe uiteengesit word. Die Transoranje-Vereniging vir Buitengewone Onderwys sal die eerste blanke skool vir sulke leerlinge volgende jaar in Pretoria open. Ek herinner my 'n toespraak wat ek in sy vroeë bestaansjare voor die Raad gelewer het oor die deelsigtige kind wat daarna in pamfletvorm uitgegee is. Die saad wat in daardie tyd gesaai is, het 'n lang tyd geneem om te ontkiem en te groei.

## BLINDE LEDE IN DIE UITVOERENDE KOMITEE.

Ten einde te verseker dat 'n liggaam wat na die belange van blindes omsien ten minste blinde lede in sy Uitvoerende Komitee het, maak die Konstitusie voorsiening vir die koöpsie van drie blinde lede. Die tweejaarlikse vergadering van die Raad sal gevra word om hierdie bepaling van die Konstitusie te skrap, en dit is van belang as in ag geneem word dat hierdie versoek oorspronklik van die blinde lede self kom. Hulle meen, net soos die ander lede, en die ondervinding het dit bewys, dat blinde lede in staat is om op hul eie voete te staan en op gelyke voet met siendes mee te ding om lidmaatskap van die Uitvoerende Komitee. Hierdie benadering is in ooreenstemming met die hedendaagse opvatting om die gaping tussen blindes en siendes te oorbrug en, indien moontlik, uit te skakel, asook om die neiging om die blindes as 'n groep *sui generis* te sien, in die ban te doen.

Ongeveer 40% van die afgevaardigdes wat die algemene vergadering van die Wêreldraad vir Blindes bywoon, is blinde lede terwyl die President, Tesourier en Algemene Sekretaris ook blindes is. Die meeste verhandelings wat op hierdie vergaderings gelewer word (soos op die vergadering in Rome verlede jaar), word deur blindes gelewer. Die Uitvoerende Komitee het bygevolg aanbeveel dat die Raad hom by die wêreldmening en praktyk inskakel deur die Raad se eerste Ondervoorsitter saam met die Voorsitter van die Raad na die volgende algemene vergadering van die W.R.W.B. wat in 1964 in New York en Toronto gehou sal word, te stuur. Ek is seker dat my kollega se deelname aan daardie vergadering goed sal vergelyk met die internasionale standaard wat verwag word.

## REGERINGSUBSIDIE VIR WERK ONDER BLINDES.

Soos ek reeds voorheen verklaar het, is die tradisionele praktyk in Suid-Afrika, net soos in die meeste oorsese lande, dat maatskaplike werk op 'n vennootskapsbasis tussen die Regering en die vrywillige liggame geskied. Die voortreflikheid hiervan is dat die openbare belangstelling in die Staatsinrigtings gemobiliseer word en dat dit toevallig ook die beherende owerheid onthef van 'n aansienlike hoeveelheid werk en uitgawe. 'n Kenmerk van ons maatskaplike werk is die bestendige uitbreiding daarvan om tred te hou met uitbreiding op an-

der gebiede, in besonder ons ekonomie. Dit is waar dat die vrywillige organisasie geldelike hulp van die Regering ontvang — sommige meer as ander, volgens die aard van hulle werk — maar die merendeel van die fondse kom van die liefdadige publiek. Daar word oor die algemeen ondervind dat hierdie bron enigsins weerstand begin bied teen beroepe gegrond op eise vir vermeerderde of toenemende dienste. Terwyl plaaslike liggame steeds mag steun op die goedwilligheid van plaaslike ondersteuning wat nie graag wil sien dat hulle ten gronde gaan nie, vind nasionale liggame dit steeds moeiliker om genoegsame fondse van die publiek te verkry. Die Nasionale Raad is in hierdie opsig geen uitsondering nie.

'n Eenvoudige rekenkundige stelling sal bewys dat die finansiële implikasies van die Raad se vennootskap met die Regering nie in ooreenstemming met die „gees van krieket" is nie. Sy totale inkomste vir die jaar 1959 was £27,310 waartoe die Departement van Gesondheid £5000 bygedra het, terwyl die Departement wat eintlik vir maatskaplike werk verantwoordelik is, net £683 bygedra het.

Die gevolg was dat die Raad die jaar met 'n tekort van £7214 afgesluit het, wat bestry moes word uit die reserwes wat gehou word vir gebeurlikhede of om die kapitaaluitgawes te dek van skemas wat moontlik aangepak kan word.

In alle beskeidenheid vertrou ek dat die sentrale Regering sy weg sal oopsien om die Raad met die volgende te help:

(a) 'n Subsidie deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ten opsigte van administratiewe uitgawes van die Raad. (Tydens 'n samespreking met 'n amptenaar van dié Departement was ek bly om te verneem dat die Departement tans 'n skema oorweeg waarvolgens die administratiewe uitgawes van nasionale liggame gesubsidieer sal word).

(b) 'n Subsidie deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ten opsigte van uitgawes verbonde aan die Enid Whitaker-rehabilitasiesentrum. (Met die oog daarop dat hierdie sentrum amptelik deur die Minister geopen is, vertrou ons dat die subsidie van terugwerkende krag sal wees).

(c) 'n Verhoging van die subsidie deur die Departement van Gesondheid vir voorkomingsdienste. (Die welwillendheid wat deur hierdie Departement getoon is, is verblydend).

(d) 'n Subsidie deur die Departement van Arbeid ten opsigte van die werkverskaffingsbeampte vir blindes.

(e) 'n Subsidie deur die W.N.N.R. vir die voortsetting van navorsingswerk ten einde 'n geskikte entstof te ontwikkel om immuniteit teen tragoom te waarborg.

Ek hoef beswaarlik te beklemtoon dat die werk van die Raad en sy geaffilieerde verenigings van nasionale belang is — 'n taak wat die Staat te beurt sou val indien dit nie deur vrywillige instansies onderneem word nie. Dit is ook 'n diens waarby ons nasionale prestige betrokke is. Indien die Raad en sy verenigings nie die werk onderneem het nie, sou welsynswerk vir blindes heelwaarskynlik gedaal het tot die vlak van diens wat in die opkomende lande gelewer word.

## WYSIGINGS IN DIE KONSTITUSIE.

In opvolging van 'n verslag deur 'n Onderkomitee aangestel deur die Uitvoerende Komitee om wysigings in die Konstitusie te oorweeg, is besluit om nie, soos aanvanklik die plan was, omvattende wysigings op hierdie tydstip voor te lê nie, maar om die Onderkomitee te versoek om nog te funksioneer as 'n waaksaamheidskomitee om die werking van die bestaande Konstitusie vir 'n verdere tydperk waar te neem.

## „JOYFUL ERRAND" EN DIE DAGBOEK VAN DIE SPRINGBOK DRUKKERS.

*Joyful Errand,* waarvan die eerste oplaag deur mnr. C. S. Stokes aan die fondse van die Raad geskenk is, het geblyk 'n publikasie van uitstaande verdienste te wees en het 'n indruk op die publiek gemaak. Ten tye van hierdie skrywe is daar nog ongeveer 2000 kopieë wat verkoop moet word en dit sal waarskynlik voor die einde van die jaar geskied. Die Raad se dank is reeds aan die skrywer oorgedra, maar ek sou dit graag in hierdie verslag wil herhaal as 'n permanente aantekening van die vrygewigheid van 'n opregte vriend van die blindes.

Intussen het die Uitvoerende Komitee 'n kontrak met die Springbok Drukkers Beperk aangegaan vir die uitgee van 'n tweetalige dagboek onder die beskerming van die Raad. Die bedrag van 2s.6d., of 'n minimum van £500 per jaar, wat ook al die meeste is, val die Raad toe. In my voorwoord tot die dagboek, in albei tale, stel ek dit baie duidelik dat die aankoop van so 'n dagboek nie gesien moet word as 'n skenking aan die Raad nie. Dit is bloot 'n besigheidstransaksies waar die koper volle waarde vir sy geld ontvang. In ooreenstemming met hierdie beleid word daar nêrens in die dagboek 'n beroep om skenkings aan die Raad gedoen nie. Daar word met vertroue verwag dat die kontrak, wat vir 'n tydperk van 5 jaar aangegaan is, tot voordeel van die Raad sal wees.

## DIE WÊRELDRAAD VIR DIE WELSYN VAN BLINDES (W.R.W.B.)

Die Voorsitter en mev. F. Blaxall het die Raad op die Algemene Vergadering in Rome in Julie verlede jaar verteenwoordig. Die Voorsitter van die Raad is weer gekies om in die Uitvoerende Bestuur van daardie liggaam te dien, en hy is ook lid van die Komitee vir Finansies en Beplanning sowel as van die Komitee vir die Landelike Blindes van die Wêreld. Verslae is deur albei die Raad se afgevaardigdes voorgelê.

Die Uitvoerende Komitee beveel by die Raad aan dat formeel aansoek om lidmaatskap van die Internasionale Konferensie van Onderwys van die Blinde Jeug (I.C.E.B.Y.) gedoen word en dat 'n afgevaardigde gestuur word na die volgende konferensie van die liggaam wat gedurende 1962 in Duitsland gehou word. Die Voorsitter van die Raad wat reeds 'n lid van die Uitvoerende Bestuur van die I.C.E.B.Y. is, is uitgenooi toe hy die vergadering van die W.R.W.B. verlede jaar in Rome bygewoon het. Hy sal die volgende Uitvoerende Bestuursvergadering van die I.C.E.B.Y. bywoon wat gehou word op dieselfde tyd en plek as die vergadering van die Uitvoerende Bestuur van die W.R.W.B., wat hy op die koste van laasgenoemde liggaam bywoon. Die Raad sal moet oorweeg of hy 'n tweede afgevaardigde wil stuur.

## LOUIS BRAILLE-GEDENKTEKEN IN COUPVRY, NABY PARYS.

Hierdie gedenkteken (Louis Braille se woning) is die eiendom van die W.R.W.B., wat 'n beroep op welsynsverenigings dwarsdeur die wêreld gedoen het om bydraes om dit in stand te hou. Die Raad het 'n bydrae van £50 gestuur en blinde persone dwarsdeur die Unie het as hulle spesiale bydrae £134 ingesamel wat aan die W.R.W.B. se hoofkwartier in Parys gestuur is. Die W.R.W.B. was besonder begerig dat die blindes hulle eie bydrae moet lewer, en om daardie rede is ek bly oor die reaksie van ons blindes.

## KLUBS.

Terwyl ek 'n paar opmerkings oor klubs vir blindes maak, mag ek ter ondersteuning van wat ek begerig is om te sê, lesers herinner aan die opmerkings wat elders in hierdie verslag voorkom, te wete dat ons hoofdoel met die blindes is om hulle in die geleentheid te stel om hulle behoorlik aan te pas of, om dit anders te stel, om hulle normaal te laat aanpas. Dit is presies die doel van die klubs. Ons het een dergelike klub in die Unie wie se byeenkomste so opgewek en vermaaklik is dat ek dit bywoon wanneer ek moontlik kan. Ek hoef nouliks daarop te wys dat 'n klub vir blindes oor sowel blinde as siende lede moet beskik, want hoe gaan 'n mens anders die blindes normaal laat aanpas? Ons wil meer klubs hê soos die Lighthouse-klub in Kaapstad waarna ek verwys, die Happy Day-klub in Pretoria en die Dinsdagklub. Goeie nuus is die onlangs gestigte klubs aan die Witwatersrand te wete die Northern Light-klub en die Gerson Sosialeklub.

## BANDHULP.

Die Vereniging wat sy aandag wy aan hierdie onderwerp, een van die nuutste toevoegings tot ons lys van geaffilieerde verenigings, het 'n belangrike taak onderneem ten opsigte van welsynswerk vir blindes. Ek weerhou myself daarvan om in te gaan op die werk wat hierdie vereniging verrig, aangesien dit my wens is dat die afgevaardigdes self die tweejaarlikse vergadering vertel van hulle werk en wat hulle hoop om tot stand te bring. Bandhulp het ook 'n belangrike strekking vir sover dit die biblioteekfasiliteite vir blindes betref, en die afgevaardigdes uit Grahamstad sal ons seker aangaande hulle beskouings hieroor inlig.

## ROYAL COMMONWEALTH SOCIETY FOR THE BLIND: STUDIEBEURSSKEMA.

Die Raad is deur hierdie Vereniging uitgenooi om te deel in 'n Gemenebes-skema waarvolgens wedersydse fasiliteite vir die opleiding van blinde werkers verskaf word of die geleenthede om mekaar se werk waar te neem, daargestel word. Vir hierdie doel sal die skema studiebeurse verskaf, en lede van die Gemenebeslande word versoek om by te dra tot 'n gemeenskaplike fonds. 'n Soortgelyke skema bestaan op 'n amptelike vlak in die onderwyssfeer waarvan ons Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap lid is. Ons beskik oor genoegsame kennis en ondervinding van welsynswerk vir blindes om aktief

aan die skema deel te neem, meer in besonder om waarnemings- en opleidingsfasiliteite aan ons bure in die noorde te verskaf.

In 'n mate verwant aan hierdie skema is 'n besluit geneem deur die Raad op 'n vorige vergadering, nl. dat die moontlikhede om 'n konferensie oor welsynswerk vir blindes (of 'n streekseminar, soos die Verenigde Volke dit stel) te hou, ondersoek word en dat die state benoorde ons meedoen. Briefwisseling in hierdie verband is gevoer met die Unie-owerhede, maar in die lig van onlangse verwikkelings kom dit voor of die huidige politieke klimaat nie opvallend gunstig vir hierdie doel is nie. In elk geval word dit aan die tweejaarlikse vergadering oorgelaat om sy sienswyse oor albei voorstelle uit te spreek.

## DANKBETUIGING AAN GOEDGESINDES EN HELPERS.

Werk vir die blindes het baie vriende in die Unie, vriende van alle rassegroepe, en sover ek kan oordeel, bly dit een van die gewildste liefdadigheidsorganisasies. Ek het bewys daarvoor wanneer ek die reaksie van die Kaapse Skiereiland, in geld sowel as in diens, op die jaarlikse veldtog waarneem. Die veldtog word georganiseer deur ons streeksbeampte, mej. A. F. Gillies, wat op haar onnavolgbare manier en volgens verskillende metodes 'n aansienlike bedrag elke jaar insamel. Ons is dank verskuldig aan almal wat ons help, sowel indiwidue as liggame, waarby ingesluit word plaaslike owerhede wat ons in die geleentheid stel om straatkollektes te hou.

Graag sou ek hierdie verslag wil afsluit met huldebetuiging aan die nagedagtenis van wyle Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen, wat as beskermheer van die Nasionale Raad sy belangstelling in ons werk getoon het. Hy was steeds bereid om ons te help om ons goeie werk te bevorder. Hy het (om enkele voorbeelde te noem) ons saak gereeld bepleit op die radio en 'n voorwoord opgestel vir *Joyful Errand* wat bereken is om die fondse van die Raad flink aan te vul. Ons betreur die heengaan van 'n opregte vriend wie se innemende persoonlikheid 'n diepe indruk op ons gemaak het, sowel siendes as blindes.

KAAPSTAD.

1 Julie 1960.

L. VAN SCHALKWIJK.

Voorsitter.

## ALGEMENE STATISTIESE GEGEWENS OOR VERSKILLENDE ASPEKTE VAN BLINDESORG IN SUID-AFRIKA.

### (A) Getal Blinde Persone volgens Raad se Register op 1.3.1960.

| Provinsie: | Ras: Blankes | Kleurlinge | Asiate | Bantoe | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Wes-Kaapland .... .... .... | 1,186 | 1,527 | 4 | 2,026 | 4,743 |
| Oos-Kaapland .... .... .... | 280 | 409 | 2 | 4.467 | 5,158 |
| Transkei-Gebiede .... .... | 12 | 11 | — | 4,129 | 4,152 |
| Natal .... .... .... .... .... .... | 167 | 64 | 277 | 2,284 | 2,792 |
| Oranje Vrystaat .... .... | 183 | 25 | — | 1,261 | 1,469 |
| Transvaal .... .... .... .... | 814 | 142 | 10 | 12,349 | 13,315 |
| Groot Totaal | 2,642 | 2,178 | 293 | 26,516 | 31,629 |
| Totaal blindes per 1,000 van die bevolking van die verskillende rasse | .86 | 1.55 | .65 | 2.72 | 2.16 |

### (B) Totale Bedrae aan Pensioene aan Blindes Uitbetaal.

| | 1958/1959 | 1959/60 | Totaal |
|---|---|---|---|
| Blankes .... .... .... .... .... .... | 127,269 | 131,257 | 258,526 |
| Kleurlinge en Asiate .... .... | 72,673 | 76,924 | 149,597 |
| Bantoe .... .... .... .... .... .... | 210,493 | 204,252 | 414,745 |
| | £410,435 | £412,433 | £822,868 |

### (C) Die Maksimum Pensioen Betaalbaar aan 'n Blinde Pensioentrekker (onderworpe aan 'n middeletoets) vanaf 1.4.60 is as volg:

(a) BLANKES:

*Alle Gebiede:*

£72 basies, plus £42 bykomstige pensioen, plus £24 bonus, Totaal £138 per jaar.

(b) KLEURLINGE:

(i) *Stadsgebiede:*

£36 basies, plus £13.10.0. bykomstige pensioen, plus £6 bonus, Totaal £55.10.0 per jaar.

(ii) *Ander Gebiede:*

£24 basies, plus £13.10.0 bykomstige pensioen, plus £6 bonus, Totaal £43.10.0 per jaar.

(c) ASIATE:

(i) *Stadsgebiede:*

£30 basies, plus £13.10.0 bykomstige pensioen, plus £6 bonus, Totaal £49.10.0 per jaar.

(ii) *Ander Gebiede:*

£18 basies, plus £13.10.0. bykomstige pensioen, plus £6 bonus, Totaal £37.10.0 per jaar.

(d) BANTOE:

(i) *Stadsgebiede:*

£12 basies, plus £6.15.0 bykomstige pensioen, plus £1.10.0 bonus, Totaal £20.5.0 per jaar.

(ii) *Dorpsgebiede:*

£9 basies, plus £6.15.0 bykomstige pensioen, plus £1.10.0 bonus, Totaal £17.5.0 per jaar.

(iii) *Plattelandsegebiede:*

£6 basies, plus £6.15.0 bykomstige pensioen, plus £1.10.0 bonus, Totaal £14.5.0 per jaar.

## (D) Aantal Blinde Persone in diens van Geaffilieerde Verenigings op 31.12.1959.

| Ras: | Manlik: | Vroulik: | Totaal: |
|---|---|---|---|
| Blankes | 115 | 68 | 183 |
| Kleurlinge | 101 | 40 | 141 |
| Asiate | 19 | 3 | 22 |
| Bantoe | 236 | 36 | 272 |
| | 471 | 147 | 618 |

## (E) Volwasse Blinde Persone in Hostels vir Blindes Gehuisves op 31.12.1959.

| Ras: | Manlik: | Vroulik: | Totaal: |
|---|---|---|---|
| Blankes | 46 | 57 | 103 |
| Kleurlinge | — | 13 | 13 |
| Bantoe | 133 | 36 | 169 |
| Asiate | — | — | — |
| | 179 | 106 | 285 |

## (F) Aantal Blinde Kinders in Spesiale Skole vir Blindes op 31.12.1959.

| Ras: | Manlik: | Vroulik: | Totaal: |
|---|---|---|---|
| Blankes | 132 | 95 | 227 |
| Kleurlinge | 43 | 33 | 76 |
| Bantoe | 139 | 93 | 232 |
| Asiate | 16 | 8 | 24 |
| | 330 | 229 | 559 |

## (G) Aantal Blinde Skoliere in Skool Hostels op 31.12.1959.

| Ras: | Manlik: | Vroulik: | Totaal: |
|---|---|---|---|
| Blankes | 117 | 92 | 209 |
| Kleurlinge | 43 | 33 | 76 |
| Bantoe | 139 | 93 | 232 |
| Asiate | 14 | 8 | 22 |
| | 313 | 226 | 539 |

## HORINGVLIESOORPLANTINGSDIENSTE ONDER DIE WET OP NA-DOODSE ONDERSOEK EN VERWYDERING VAN MENSLIKE WEEFSELS (Wet No. 30 van 1952).

### Totaal van Oogskenkers op 1.6. 1960.

| | |
|---|---|
| Johannesburg en Randse dorpe | 2,080 |
| Pretoria en res van Transvaal | 437 |
| Kaapse Skiereiland | 943 |
| Res van Kaapland | 301 |
| Natal | 264 |
| Oranje Vrystaat | 119 |
| | 4,144 |

## DIE TOERE VAN DIE OOGHEELKUNDIGE VELDEENHEID 1958/60.

### O O G S I E K T E S

| SENTRUM | Totale aantal ondersoek | Trachoom en komplikasies van trachoom | Blindvliesontsteking | Katarak | Pterigium | Leukoom | Iritis | Oogkanker | Glaukoom | Opthalmia Neonatorium | Optiese Atrofie | Ontsteking van die ooglidrand | Vlekke op horingvlies | Staphyloma | Keratitis | Oog Katar | Diverse Oogsiektes | Totaal met Oogsiektes | Aantal behandel | Aantal operasies | Geen abnormaliteite gevind |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sibasa-Skole | 1281 | 522 | 30 | 54 | 21 | 18 | 1 | – | 1 | – | – | – | – | 1 | 31 | 2 | 20 | 701 | 701 | 52 | 580 |
| Shingwedzi. dist. Sibasa | 1189 | 293 | 76 | 56 | 33 | 19 | – | 7 | 1 | – | 2 | 1 | – | – | 2 | 2 | 16 | 508 | 508 | 32 | 681 |
| Schilpadfontein en Bloedfontein | 425 | 13 | 19 | 111 | 17 | 40 | – | 7 | – | – | – | – | – | 1 | 1 | – | 74 | 283 | 283 | 47 | 142 |
| Matoks & Ramagoepa Lokasies | 1458 | 272 | 188 | 26 | 15 | 7 | 2 | 1 | 6 | – | – | – | 1 | – | – | 1 | 48 | 590 | 590 | 6 | 868 |
| Mpefus Lokasie, Louis Trichardt | 780 | 51 | 98 | 56 | 35 | 10 | 4 | 6 | 3 | – | – | – | 2 | – | 4 | 4 | 12 | 288 | 288 | 24 | 492 |
| Villa Nora/Potgietersrus | 1219 | 149 | 18 | 28 | 14 | 11 | – | 7 | 1 | – | 2 | – | 2 | – | – | – | 7 | 236 | 236 | 24 | 983 |
| Beauty dist. Potgietersrus | 945 | 96 | 8 | 15 | 14 | 10 | – | 4 | – | – | – | 5 | – | – | – | – | 39 | 194 | 194 | 33 | 751 |
| Makapanstad/Vogelstruispan | 3782 | 90 | 24 | 83 | 31 | 30 | – | 10 | 9 | – | 3 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 104 | 392 | 392 | 34 | 390 |
| Transkei/Mt. Fletcher en Matatiele | 864 | – | 7 | 158 | 6 | 43 | – | 29 | 9 | – | – | 1 | – | – | 1 | 3 | 127 | 384 | 384 | 63 | 480 |
| Ramakokstad | 468 | – | – | 13 | 9 | 1 | – | 2 | – | – | – | 1 | – | 2 | – | 1 | 17 | 83 | 83 | 13 | 385 |
| Pella Lokasie, Pilansberg | 3402 | 325 | 39 | 28 | 18 | 3 | – | 3 | 4 | – | 1 | 2 | 3 | – | 3 | 15 | 58 | 507 | 507 | 10 | 2900 |
| Bethanie, Rustenburg distrik | 2357 | 64 | 16 | 14 | 11 | 2 | – | 6 | 4 | – | – | 1 | 1 | 1 | 2 | – | 87 | 211 | 211 | 18 | 2136 |
| | 18170 | 1575 | 523 | 642 | 224 | 194 | 7 | 82 | 38 | – | 8 | 13 | 11 | 7 | 45 | 29 | 609 | 4382 | 4382 | 318 | 10788 |

## ARTHUR BLAXALL SKOOL VIR BLINDES.

W.O. 1045 — DURBAN.

Die Arthur Blaxall Skool vir Blindes bestaan nou vir omtrent ses jaar, en gedurende hierdie tydperk het dit nie net baie nuttige werk verrig nie maar ook in alle opsigte voldoen aan die verwagtings van die stigters, naamlik die Natalse Vereniging vir Indiërblindes.

As gevolg van die buitengewone vooruitgang gedurende 'n baie kort tydperk het geweldige uitbreiding plaasgevind wat die goedkeuring, finansiële ondersteuning en hulp van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wegdra.

Die Skool het begin met nege leerlinge en een onderwyser. Vandag is daar 25 leerlinge en 4 onderwysers en die senior klas is Std. IV — met 'n inskrywing van 7 leerlinge. Binne twee jaar hoop ons om hierdie studente in te skryf vir die Std. VI publieke eksamen.

Alhoewel hierdie inrigting onder moeilike omstandighede werk en gestrem word deur beperkings, lewer dit opvoedkundige werk van 'n baie hoë akademiese gehalte.

Die Beherende Raad onder leiding van mnr. K. M. Pillay, die voorsitter, hoop dat hulle planne binnekort verwesenlik sal word, en dat 'n skool vir kinders met verskillende tipe afwykings in die lewe geroep sal word. Die som van £20,000 om so 'n skool te bou is alreeds op die Departement se begroting vir 1960/61 geplaas en die Durbanse Stadsraad is tans ook besig om 'n geskikte stuk grond te vind vir hierdie doel.

## DIE ATHLONE-SKOOL VIR BLINDES.

W.O. 330 — BELLVILLE, K.P.

Beskermvrou: H.K.H. Prinses Alice.

Voorsitter: Hoogeerw. R. W. F. Cowdry, Assistentbiskop van Kaapstad.

Ons Skool het onlangs sy vier-en-dertigste bestaansjaar bereik, en alhoewel vier ander skole vir blindes gedurende die afgelope ses jaar gestyg is, bly die leerlingtal van ons skool onverminderd. Vir die twee-jaar tydperk wat nou onder bespreking is, was dit 162.

Gewoonlik volg ons leerlinge 'n primêre skoolkursus en daarna ontvang hulle vakopleiding vir drie jaar. Elke jaar is daar egter 'n paar leerlinge wat ook 'n middelbare kursus voltooi. Gedurende die afgelope twee jaar het die juniorsertifikaatklas uit agt kinders bestaan.

Die afdeling vir swaksigtiges brei geleidelik uit en bestaan nou uit drie klasse. Dit sal tot 'n aparte skooleenheid onder dieselfde bestuur ontwikkel.

Die getal oudleerlinge beloop tans meer as vyfhonderd. Die meerderheid, waarvan 'n aanmerklike getal buite beskutte arbeid werksaam is, voer 'n bevredigende bestaan.

## KAAPSTADSE VERENIGING VIR BURGERLIKE BLINDES.

W.O. 419.

Die bou van die addisionele werkwinkel is nou voltooi en die Vereniging is van plan om 'n verdere tien blinde werkers in diens te neem afgesien van die 97 wat alreeds in die werkwinkel werksaam is.

Die tipe werk wat onderneem moet word is nou 'n probleem wat opgelos moet word aangesien die mark vir rottang artikels tans wisselvallig is as gevolg van die invoer van mandjies en rottang meubels. Om dus nog werkers op te lei in die maak van rottang artikels skyn dus nie raadsaam te wees nie. Die Vereniging oorweeg nou die uitbreiding van die stoffeer-afdeling en die begin van die aanmekaarsit van houtspeelgoed.

Sedert die jaarverslag verskyn het, is daar verder onderhandel met die Minister van Ekonomiese Sake en met die voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid en die innige hoop word gekoester dat 'n sekere mate van hulp aan die Werkwinkels vir Blindes verleen sal word in die vorm van voldoende beskermende belasting op ingevoerde rottang en riet artikels.

Eindelik het die Vereniging 'n pensioenskema vir sy blinde werkers ingestel na oorlegpleging met die plaaslike verteenwoordiger van die Kommissaris van Pensioene. Hierdie skema verseker dat 'n blinde werker, wanneer hy op 65 jarige ouderdom aftree, 'n kontantbedrag sal ontvang en daarna 'n maandelikse pensioen wat nie afbreuk sal doen aan sy blinde pensioen nie. Die Vereniging het ook voorsorg gemaak vir die werkers wat reeds te oud is om voordeel te trek deur by te dra tot 'n pensioenskema en een so 'n werker het alreeds afgetree en trek nou, behalwe sy blinde pensioen, ook 'n maandelikse pensioen van die Vereniging.

Die HELEN KELLER HOSTEL, opgerig deur die Vereniging, bied 'n ware tuiste aan die blinde inwoners wat van verskillende dele van die land kom. Die Finansiële en Algemene Komitee van die Tehuis, onder voorsitterskap van mnr. Hymy Matthews, het dit oorweeg om die Tehuis te vergroot, maar die plan is uitgestel aangesien daar verlede jaar nie minder nie as ses vakatures ontstaan het as gevolg van dood, siekte en ander huishoudelike redes, en ses van die persone op die waglys kon dus gehuisves word. Tans is die Tehuis heeltemal vol en daar is nog ses name op die waglys.

Soos verwag kan word by die oprigting van 'n inrigting van hierdie aard, moes heelwat klein veranderings en toevoegings mettertyd aangebring word, soos ondervinding die noodsaaklikheid hiervan bewys het. Die aanbring van buisvormige verwarmers in al die slaapkamers is nou voltooi en handrelings word tans in die gange aangebring om as gidse te dien.

'n Ernstige bosbrand wat die Tehuis bedreig het en aansienlike skade aan naburige huise veroorsaak het, het genoodsaak dat bome in die onmiddellike nabyheid van die gebou verwyder moes word en die gronde is ook skoongemaak. Die Helen Keller Hostel blyk 'n groot seën te wees vir die inwoners en die Vereniging is met reg trots op die Tehuis.

## KLEURLING EN INDIËR WELSYNSVERENIGING VIR BLINDES.

W.O. 637 — FORDSBURG.

Baie blindes in die Kleurling- en Indiërgemeenskappe sien daarna uit om toegelaat te word tot die werkwinkel van die Vereniging maar vanweë die ontoereikendheid van die gebou waarin ons ons tans bevind, is dit onmoontlik om nuwe werkers in te neem. Ons het gehoop dat die oprigting van 'n nuwe gebou te Coronationville ons in staat sou stel om meer blindes op te neem, maar om verskillende redes is die permit vir die verkryging van die terrein nie deur die Groepsgebiederaad toegestaan nie. 'n Bedrag van meer as £2000, waarvan die Indiërgemeenskap die meeste bygedra het, is reeds ingesamel vir die Boufonds.

Gedurende 1958 en 1959 het ons baie beroepe om hulp ontvang maar het, afgesien van finansiële moeilikhede, nietemin daarin geslaag om elke geval behulpsaam te wees.

Die behuisingsprobleem bly kritiek en die Komitee was tot dusver nog nie in staat om verblyf te vind vir blindes waarvan die meeste onder die haglikste omstandighede leef nie.

Die Vereniging wil graag sy dank betuig teenoor sy suster-verenigings sowel as teenoor die groot aantal kliënte, skenkers, eregeneeshere, oogarts en die baie firmas en persone wie op een of ander wyse daartoe bygedra het om die taak van die Vereniging ligter te maak en die lot van die blindes te verbeter.

## EFATASKOOL VIR BLINDE BANTOEKINDERS.

UMTATA.

Slegs 5 myl buite Umtata, op die pad na Queenstown is die Efataskool geleë wat gehuisves word in geboue wat vroeër 'n kaasfabriek was en sedertdien omskep is om huisvesting te bied aan 30 leerlinge. Die eerste blinde leerling is op 15 Julie 1958 toegelaat en die leerlingtal het reeds gegroei tot 29 waarvan die meeste blind is terwyl ander slegs ooggebreke het. Die afgelope paar maande het die waglys van blinde leerlinge so gegroei dat die Skool gedurende hierdie jaar na verwagting reeds op volle getalsterkte sal wees.

'n Nuwe koshuis is teen 'n koste van £32,000 opgerig om verdere akkommodasie aan 84 leerlinge te bied en hierdie geboue wat so pas voltooi is word op die 10de Junie 1960 amptelik deur die Sekretaris van Bantoe Onderwys, mnr. F. de Villiers, geopen.

Daar is tans 3 Bantoe-onderwyseresse, 3 Bantoe-matrones en 'n hoof Blanke-matrone in diens en die leerlinge ontvang benewens 'n bietjie formele skoolwerk ook onderrig in verskillende vorms van handwerk soos rottang-, gras-, klei en tuinwerk.

Die Skool, wat onder die N.G. Bantoekerk van Suid-Afrika ressorteer, word gesubsidieër deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap terwyl verteenwoordigers van die N.G. Bantoe-sinode, die Departement van Onderwys, Kuns en Wenteskap en die Algemene Sending Kommissie die Bestuur aanstel. Die Moderator van die N.G. Bantoekerk van S.A., eerw. A. M. Scheffler, is benoem as voorsitter en die prinsipaal van die Skool is mnr. P. P. Peach, wat op 10 Julie 1959 diens aanvaar het.

## JOHANNESBURGSE BLINDESORGVERENIGING.

W.O. 32.

Om die Vereniging se werk in belang van die blindes meer doeltreffend te maak en te beantwoord aan die doelstelling wat die vereniging vir homself daargestel het, moes daar herorganisasie en verandering van beleid plaasvind.

Die werkswinkels, ten opsigte waarvan 'n steeds toenemende tekort aangeteken moes word, vorm nou 'n afsonderlike eenheid met eie fasiliteite, personeel en kapitaal, wat deur die Vereniging verskaf word.

Om die produktiwiteit te bevorder — en dit is belangrik aangesien dit die loonskaal van die werkers beïnvloed — word voortdurend noue samesprekings in verband met probleme in die werkswinkel met 'n komitee wat deur en uit die werkers self gekies is, gehou. Verder word daar elke ses maande 'n algemene vergadering van werkers gehou, wat deur almal in die werkswinkel bygewoon word, en waarop probleme van organisasie, tegniek en persoonlike griewe uitvoerig bespreek word.

Op alle gebiede word werkers aangemoedig om hul werkswinkel as 'n normale eenheid, waar blinde en gedeeltelik blinde persone werk, te beskou.

Die Vereniging ondervind nog moeite met die kroniese onproduktiewe werkers, d.i. persone wat weens ernstige onaanpasbaarheid, persoonlike of ander belemmerings, nie by die produktiewe groep kan aanpas nie. As 'n voorlopige proefneming, is hierdie werkers nou in 'n afsonderlike groep geplaas, waar intensiewe pogings aangewend word om elkeen se potensiaal en vaardigheid vas te stel en te bevorder sodat hulle bevrediging in 'n bepaalde handwerk kan vind. Waar moontlik word daarna gestreef om hierdie werkers mettertyd weer in die beskuitte werkswinkel op te neem.

Waar die werkswinkel aan die maatskaplike werksters van die Vereniging 'n waardevolle geleentheid vir rehabilitasie van blindes verskaf, bly daar nog 'n uitgebreide arbeidsveld t.o.v. blinde persone oor wat nie in aanmerking vir beskutte arbeid kom nie. Daar is bv. onmiddellike hulp nodig gedurende die eerste periode van behandeling en hospitalisasie in gevalle van blindheid tesame met al die ekstra onkoste wat daaraan verbonde is; die aanpassing by verlaagde- of 'n totale verlies van inkomste; die voorbereiding vir 'n ander ambag of werkkring en nuwe middels van bestaan; die aanpassing by 'n nuwe benadering op sosiale gebied, en uiteindelik die onafhanklike bestaan in 'n maatskappy wat algemeen ingestel is vir siende persone.

Hierdie proses, alhoewel dit opgesom kan word in 'n paar sinne, vereis lang periodes van nougesette, simpatieke aandag en behandeling, sowel as die kennis en insig van die maatskaplike werksters. Dit sluit in indiwiduele gevallestudies, groepwerk en navorsing wat die funksie van die Vereniging se welsynsafdeling is.

## KING WILLIAM'S TOWNSE VERENIGING VIR BURGERLIKE BLINDES.

W.O. 248.

Onmiddellik na afloop van die laaste Tweejaarlikse Konferensie

in 1958 het ons Thembelihle (Plek van Hoop), ons opleidingsentrum en werkwinkel vir blinde Bantoevroue, amptelik geopen. Die opening is waargeneem deur mnr. J. A. C. van Heerden, Hoof Bantoesakekommissaris van die Ciskei. Mnr. Walter Cohen, 1ste ondervoorsitter van die S.A. Nasionale Raad vir Blindes het opgetree as seremoniemeester terwyl die inseëningsplegtigheid deur dr. A. W. Blaxall waargeneem is. 'n Aantal lede van die Raad, afkomstig van Transvaal en die Kaap, was ook teenwoordig. Dit was 'n heuglike dag, in besonder die sang van die kwekelinge waar sowel blankes as nie-blankes saamgespan het om iets konstruktiefs en nuttig daar te stel. Plaaslike openbare liggame was ook goed verteenwoordig.

Gedurende die twee jaar wat gevolg het is nuttige werk verrig — in besonder die rehabilitasie van blinde Bantoe.

Ons ondervind nog groeipyne, maar ons kan die groei van die huidige suigeling tot 'n gesonde volwassene voorspel mits voldoende fondse voorhande is ten einde dit te help om uit te brei en ryp te word.

## KIMBERLEY- EN NOORDKAAPLANDSE BURGERLIKE VERENIGING VIR BLINDES.

W.O. 1221.

*Werkswinkel vir die blindes.*

Die maande en die jare gaan verby en ons planne is nog steeds nie verwesenlik nie. Op die oomblik bestaan daar egter goeie hoop dat die owerhede toestemming sal verleen vir die oprigting van die werkswinkel. Weer eens vra ons aan die lede van die Kimberleyse Round Table en aan al die ander belangstellendes om verskoning vir die vertraging.

*Optisiën vir die Kimberleyse Hospitaal.*

Vertoë is deur die Vereniging tot die Provinsiale Administrasie gerig in verband met die dringende behoefte aan 'n optisiën in die Kimberleyse Hospitaal vir gesigtoetse. Die syfers waaroor ons beskik, is sorgwekkend.

Van Februarie 1959 tot Desember 1959 het die oogarts in die Hospitaal 602 gevalle ondersoek en van 1 Januarie 1960 tot 31 Maart 1960, 137 gevalle.

Die oogarts is nie in staat om meer as twee nuwe gevalle op een dag in die week te ondersoek nie, dus ongeveer 100 gevalle per jaar. Gevolglik sal dit tien jaar duur voordat die agterstand van die 1000 gevalle op die waglys ingehaal is.

*Pensioene aan Blindes.*

Die uitvoerende bestuur het die beweerde vermindering van pensioengeld wat aan blinde Bantoe uitbetaal word, ondersoek. Ons is dankbaar teenoor die Bantoekommissaris in Kimberley vir sy hulp in hierdie ondersoek en ons is oortuig dat alle ongerymdhede reggestel sal word. Die Vereniging verleen self hulp aan armlastige blindes deur hulle van voedsel en klerasie te voorsien.

*Kersgeskenke.*

Die Rotariërklub van Kimberley was so vriendelik om met Kersfees voedselpakkies aan die Vereniging beskikbaar te stel vir verspreiding onder die gesinne van blindes. By dieselfde geleentheid het ook Lions International 'n aantal groot pakkies met klerasie geskenk en Toc H het speelgoed geskenk. Vir al hierdie skenkings is die Vereniging besonder dankbaar en ons kan aan die skenkers dié versekering gee dat goeie gebruik daarvan gemaak is.

*Bedankings.*

Ons is dank verskuldig aan baie persone en aan baie organisasies: aan die Beaconsfield Church Women's Auxiliary o.a. vir hulp by die maak van rokke; aan die Beaconsfield Metodistekerk vir die opbrengs van 'n orreluitvoering; aan die lede van Round Table vir die gebruik van 'n stalletjie by die stokperdjieuitstalling, wat vir die Vereniging waardevolle publisiteit in die Stad en die distrik beteken het; aan die Stadsraad en die Munisipale personeel vir hulle belangstelling en raad in verband met die beoogde werkswinkel; aan predikante en hulle helpers vir hul simpatieke hulp en voorbidding; aan die firma R. H. Henderson vir die uitstalling in hulle vertoonvenster van artikels wat deur die blindes in hulle werkswinkel te Soutrivier gemaak is; en ook aan baie ander, wat nie almal opgenoem kan word nie.

*Huldebetuiging.*

Die Vereniging wil graag hulde bring aan die personeel van die S.A. Spoorweë en die Spoorwegpolisie vir die beleefdheid en hulpvaardigheid wat hulle blinde kinders betoon wat deur Kimberley reis.

Die Uitvoerende Bestuur kan ook nie nalaat nie om weer eens sy waardering uit te spreek vir die selfopofferende wyse waarop ons Sekretaresse, mev. Kros, haar werk verrig.

Dit sou nie onvanpas wees nie om die verslag af te sluit met die volgende:

1. 'n Gidsdogter (Catherine) het verlede jaar in die Suide van Engeland haar Queen's Guide-toets afgelê. As deel van haar toets moes sy 'n studie maak van een van die lande van die Gemenebes, en moes sy 'n geskenk of 'n ingesamelde bedrag geld aan 'n organisasie in die betrokke land stuur. Catherine het toe die Unie van Suid-Afrika uitgekies, geld onder haar vriende ingesamel en die opbrengs aan ons Vereniging gestuur.

2. 'n 6-jarige swaksigtige en baie senuweeagtige dogtertjie van Kimberley is deur die Vereniging na die Athlonse Skool vir Blindes gestuur. Na drie maande se verblyf aan die Skool was sy volgens haar moeder, „'n ander kind."

Die een het gegee en die ander het ontvang. Vir wie was dit die grootste seën?

## DIE BOND VAN VRIENDE VAN DIE BLINDES.

W.O. 285 — KAAPSTAD.

Die mees treffende aspek van die ontwikkeling van ons Bond in die Kaapse Skiereiland is die toename in blindes. 'n Groot aantal blindes doen gedurig aansoek om toelating tot ons tehuis maar geen aansoeke kan gunstige oorweging geniet nie aangesien akkommodasie uiters beperk is. Daar word tans 14 meisies gehuisves, en hulle neem bestellings aan vir breiwerk, ens. Die behuisingsfasiliteite van ons blindes is betreurenswaardig en hul ekonomiese toestand laat veel te wense met die skraal pensioen van £4.10.0. per maand.

Twee nuwe takke is gestig deur die Bond en daardeur is daar ongeveer 87 blindes by ons getal gevoeg. Daar is tans 543 blindes onder ons beheer.

Hierdie jaar het ons weer deelgeneem aan „Ons Dag vir Blindes" waar ons getal kollektebussies 440 was. Vrywillige werkers wat op die komitees dien, doen alles in hulle vermoë om die welsyn van blindes te verbeter en blindes wat van plattelandse dorpe gekom het, is voorsien van reisgeld terwyl hulle familielede, woonagtig in die Skiereiland, hulle gehuisves het. Hulp word ook gereeld verleen wat betref huishuur. Ook is 'n wa en 'n perd gekoop vir 'n blinde man ten einde hom in staat te stel om iets te verdien deur hout te verkoop. Benodighede vir die winter is aan die blindes voorsien en gedurende 1958 is gesamentlik Kersfees gevier met 'n uitstappie per bus na Maynardville, Wynberg, wat vir ons gratis deur die Kaapstadse Stadsraad beskikbaar gestel is en wie aan ons 'n kersgeskenk van £75 oorhandig het.

## LIGHTHOUSE KLUB VIR BLINDES.

### KAAPSTAD.

W.O. 1331.

Met die oog op die beskikbare ruimte kan in hierdie verslag nie meer as 'n kort opsomming van die Klub se werksaamhede gegee word nie, maar volledige jaarverslae is verkrygbaar by die Klub se ere-sekretaresse, mej. W. Guard, Klipfonteinweg 16, Mowbray, K.P.

Hierdie Organisasie wat nou reeds in sy 24ste bestaansjaar is, poog hoofsaaklik om geskikte vermaak en ontspanning aan blindes te verskaf wat van so 'n aard is dat dit kan dien as geleentheid vir vrye maatskaplike verkeer van blindes en siendes. In 1957 is die grondwet egter gewysig en sedertdien het die Organisasie 'n beperkte mate van gewone welsynswerk verrig vir sy blinde lede. Hierdie aspek van die werk het opgang gemaak sedert die 14de Tweejaarlikse Konferensie, en die volgende welsynsdienste is o.a. verrig: In die tydperk onder bespreking het ongeveer 25 blindes gebruik gemaak van die skema waarvolgens vakansie-reisgeld verskaf word sodat die blindes in die Kaapse Skiereiland gebruik kan maak van die vakansie-tehuis van die Oos-Londense Burgerlike Blindesorgvereniging. Indien nodig, gaan daar 'n siende persoon saam met die blinde reisiger, en sy onkoste word ook deur die Klub betaal. Ons is baie dank verskuldig aan die spoorwegpersoneel wie altyd baie behulpsaam is.

*Mediese Bystand:* Die Klub betaal doktersrekenings, ens. Verskillende lede is gedurende die tydperk onder bespreking op hierdie manier gehelp.

*Braille Noodbiblioteek:* 'n Voorraad ligte leesstof word gehou vir blindes in die hospitaal of elders. Hierdie versameling boeke, maklik hanteerbaar in die bed en geensins bedoel om die dienste van die Braille-Biblioteek van Grahamstad in die wiele te ry nie, het geblyk 'n uitkoms te wees in gevalle van nood.

*Verskaffing van Kruideniersware:* In gevalle waar bekend is dat blinde lede baie behoeftig is, word sorgvuldig uitgesoekte pakkies kruideniersware verskaf, maar let wel, die komitee moet, voordat enige pakkies aangebied word, oortuig wees dat ons nie inbreuk doen op die terrein van 'n mede-organisasie of 'n diens lewer wat as onnodig beskou kan word nie.

*Geldelik Hulp:* Die Klub leen onder geen omstandighede geld uit nie, maar onvoorwaardelike skenkings is soms in baie uitsonderlike gevalle gemaak.

*Vermaak:* Op die derde Donderdag van elke maand word 'n funksie gehou in die Munisipalesaal, Mowbray, en ons betuig ons innige dank aan die Kaapse Stadsraad vir die verhuur van die saal teen 'n nominale huurgeld van 'n halfkroon per aand. Eenbedrywe word opgevoer deur blinde spelers. Drie sulke opvoerings is gehou sedert die laaste verslag deur die Nasionale Raad uitgegee is. Konserte, 'n verskeidenheid musiekitems en monoloë is dikwels gehou, terwyl huisspeletjies, soos vasvra-aande en kompetisies soos „pick-a-box" of die radiospeletjies, „Ja en Nee," gewild was. Af en toe was daar ook plateprogramme en was daar minstens ses spesiale Dickens-aande, toe mnr. J. Consani uittreksels uit verskillende werke van hierdie bekende Engelse skrywer voorgedra het. Byeenkomste wat die grootste gewildheid geniet het is die gekostumeerde partye. By elke Kers- en Paasfeespartytjie is daar 'n gekostumeerde vertoning van die een of ander soort gehou. Sedert ons laaste verslag aan die Raad het o.a. die volgende sprekers die Klub toegespreek: Oud-regter Fagan, onder-admiraal Sir Dymock Watson, mnr. Piet Beukes, mevr. L. Benjamin (een van die stigters van die Kaapstadse Burgerlike Blindesorgvereniging) Lady Packer en dr. L. van Schalkwijk (voorsitter van die Nasionale Raad vir Blindes).

*Uitstappies:* Danksy die dienste van Toc-H en die Victoria League is verskillende uitstappies vir Saterdagmiddae georganiseer, en verder het die Klub self ook baie uitstappies gereël. Ons is dank verskuldig aan organisasies soos die Rotariërs, Toc-H, motorklubs en baie individue, omdat hulle 'n lang lys gegee het van motoriste wat as motorbestuurders optree om lede na alle funksies van die Klub te vervoer. Geen lof is te groot nie vir die vriendelike dienste — vir ons onontbeerlik — wat so vrylik aan ons gegee word.

*Ledetal:* Dié het steeds gestyg, en daar is nou sowat 85 blinde lede en ongeveer eweveel siende lede. Toe die braille-leeskompetisie deur hierdie Raad georganiseer is, was dit die voorreg van die Klub om twee

trofeë te skenk vir die Bantoewedstryd. Enige blinde persoon wat Kaapstad besoek, is verseker van die gasvryheid en hulp wat die Klub kan aanbied.

*Plaatmasjiene:* (Talking Book Machines). Ongeveer 24 masjiene is deur ons verskaf sedert 1958, en graag wil ons ons opregte dank uitspreek teenoor die Grahamstadse Biblioteek vir die lewering van plate vir hierdie masjiene. Aangesien hulle ongeveer twintig pond stuk kos, het die Klub heelwat bestee daaraan, en hulle word óf vir onbepaalde tye geleen, óf verkoop aan blindes vir die helfte van die prys wat ons daarvoor betaal. Op hierdie wyse voorsien ons in 'n baie groot behoefte.

*Erkenning:* Sedert die laaste verslag van die Raad, is die Lighthouse Klub se bydrae tot blindewelsyn erken, en wel soos volg: dit ontvang 'n klein aandeel van die opbrengs van „Ons Week vir Blindes" en het 'n derde verteenwoordiger op die Raad gekry. Daardeur is erken dat die Organisasie groot dienste lewer aan blindes wat nie in beskutte werkwinkels werk nie.

*Publikasies en Propaganda:* Gedurende Oktober sal die 47ste nuusbrief uitgegee word asook die derde uitgawe van die „Lighthouse Magazine." Die eerste uitgawe het teen die einde van 1959 verskyn en dit sal nou jaarliks gepubliseer word ter herinnering van wyle Chris Guard, 'n lid wat in 1952 oorlede is. Sy was baie bewonder vir haar merkwaardige moed afgesien van die feit dat sy heeltemal blind en so kreupel was dat sy glad nie kon loop nie.

*Die Kermis:* Gedurende November 1959 het die Klub 'n suksesvolle kermis georganiseer, en dit was nie alleen 'n nuttige manier om die inkomste van die Klub te vermeerder nie, maar het ook goeie publisiteit vir blindewelsyn verskaf.

Ten slotte wens daarop gewys te word dat die vernaamste funksie van hierdie Organisasies nie is om vermaak aan blindes alleen te verskaf nie, maar wel vermaak wat siende- sowel as blinde persone in die geleentheid stel om vriende te maak met mekaar.

## NATALSE BANTOE BLINDESORGVERENIGING.

### W.O. 1007 — DURBAN.

Hierdie Vereniging wat in 1937 gestig is om te konsentreer op werk onder die nie-Blanke blindes het later sy bedrywighede uitsluitlik tot die Bantoe in Natal en Zoeloeland beperk.

In 1944 is 'n werkwinkel en hostel te Westville geopen in 'n gebied wat deur Bantoe en Indiërs bewoon word en ongeveer 'n honderd volwasse Bantoe van beide geslagte word tans opgelei in die maak van mandjies en meubels van bamboes. Die totale verkope in 1956 gedoen. Sedertdien, is die saak aktief voortgesit deur ons presiwerkers woon saam met hulle families in naburige lokasies.

Deurdat met die behandeling van plaaslike wilgerlat wat gebruik word vir die maak van sekere artikels vir die landbou en industrie, in

die werkwinkel 'n aanvang gemaak is, is die invoer daarvan uitgeskakel.

Besoeke na die stamgebiede in Natal en Zoeloeland word gereeld deur ons rondgaande Oogheelkundige Klinieke onderneem en die klinieke is aktief besig met die voorkoming en behandeling van blindheid. In sommige gevalle word selfs die gesig van persone herstel.

Die Vereniging verleen hulp aan baie blinde Bantoe wie, alhoewel hulle regeringspensioene ontvang, dit nogtans moeilik vind om kop bo water te hou aangesien werkgeleenthede in stamgebiede nie bestaan nie.

Toestemming is van die Groepsgebiederaad verkry vir die aankoop van 'n onvoltooide Naturelle-eiendom aangrensend aan die Inrigting, en dit het ons in staat gestel om die akkommodasie van ons werkwinkel opnuut in te deel. Op dié wyse is ons vrouewerkers, wat nou masjienbreiwerk sowel as ligte mandjieswerk geleer word, van 'n aparte werkkamer voorsien.

## NATALSE BLINDESORGVERENIGING VIR BLANKES EN NIE-BLANKES.

### W.O. 1005 — DURBAN.

As ons terugdink aan die periode onder bespreking kan ons dit doen met 'n gevoel van tevredenheid oor wat behaal is en dit moedig gevolglik weer verdere pogings aan. Die vertragings wat ondervind word t.o.v. die verbetering van die toestande van blinde persone is soms baie teleurstellend, maar die uiteindelike bereiking van ons doel is baie bevredigend. Die onlangse oprigting van 'n hostel vir ons Kleurling-afhanklikes op 'n gedeelte van Sparks-landgoed is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Alhoewel hierdie projek reeds 10 jaar gelede voorgestel is toe ons Blanke hostel verkry is, is stappe in hierdie rigting eers vroeg in 1956 gedoen. Sedertdien, is die saak aktief voorgesit deur ons president, mnr. Leonard Levey en dit is voltooi toe die hostel op 25 Mei 1960, amptelik geopen is deur die Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, dr. Louis Van Schalkwijk, toe hy 'n gedenkplaat onthul het ter nagedagtenis van wyle W. Clifford Voysey wat die Vereniging reeds vanaf die ontstaan daarvan (41 jaar gelede) getrou gedien het en nooit belang daarin verloor het nie. Selfs gedurende die laaste dae van sy lewe, terwyl hy bedlêend was, het hy telkens verneem na die baie vriende wat hy gemaak het tydens sy lang ononderbroke dienstermyn.

Die Vereniging is baie dank verskuldig aan die Durbanse Stadsraad vir die toekenning van die perseel waarop die hostel gebou is en ook vir hul hulp in baie ander rigtings. Spesiale melding moet gemaak word van die wonderlike ondersteuning van Raadslid en mev. H. W. Jackson, wat tydens hulle diens in die hoedanigheid as die stad se eerste burgers, die grootste gedeelte van die meubels geskenk het wat nodig was vir die hostel.

Die Werkswinkel geniet steeds die ondersteuning van sy baie klante in huishoudelike- sowel as industriële kringe, en die resultate van die werk soos getoon in die rekeningstaat, is tot groot voordeel van alle betrokke persone.

Ook op ander gebiede gaan die werk steeds vooruit en daar word vertrou dat verdere geleenthede vir die indiensneming van ons blindes in die handel en nywerheid geskep sal word. Dit is verblydend om te rapporteer dat persone wat in diens geneem is as telefoniste, steeds hul werknemers tevrede stel.

Die sosiale bedrywighede van die Vereniging bevredig steeds en in alle opsigte kan gesê word dat die Vereniging voorsien in die doel waarvoor dit gestig is.

## NATALSE INDIËR BLINDESORGVERENIGING.

W.O. 1045 — DURBAN.

Op 7 April 1959, toe die eerste werkwinkel vir volwasse blinde Indiërs geopen is, was dit die verwesenliking van 'n droom vir die Natalse Indiër Blindesorgvereniging. Toe die Vereniging in 1936 gestig is, was daar een doel voor oë naamlik, om 'n werkwinkel en 'n tehuis vir die blindes op te rig. Die opening van hierdie werkswinkel het almal baie gelukkig gemaak, en die Vereniging voel dat hulle in hul pogings goed beloon is.

Toe met die werkwinkel begin is, was daar slegs 7 leerlinge. Nou is daar 20, tewete 17 mans en drie vrouens en almal leer om mandjies te maak. Ons hoop om mettertyd 20 leerlinge in te skryf.

Mnr. T. Briggs, die instrukteur, was vroeër by die Natalse Blanke en Kleurling Vereniging vir Burgerlike Blindes in Durban werksaam en onder sy bekwame leiding het hierdie 20 blinde leerlinge wonderlike vordering gemaak.

'n Onderhoudstoelaag is goedgekeur vir die werkwinkels vanaf 1 Oktober 1959, en ons hoop om spoedig die Tesourie se goedkeuring te ontvang vir 'n subsidie betaalbaar op kapitale uitgawes.

Hierdie Vereniging het 'n kantoor met voltydse personeel wat ook aandag skenk aan voorkoming van blindheid en afgesien van die hulp wat ons aan blindes bied, voorsien ons ook behoeftige skoolkinders en volwassenes van brille.

## BURGERLIKE BLINDESORGVERENIGING VAN DIE O.V.S.

W.O. 205 — BLOEMFONTEIN.

Gedurende die tydperk onder bespreking is goeie vordering gemaak met die werksaamhede van die Vereniging en daar is baie gevalle na hospitale in die Vrystaat gestuur vir behandeling en die verwydering van katarakte. Deur bemiddeling van hierdie Vereniging is 'n geslaagde horingsvliesoorplanting gedoen op 'n blanke seun van 14 jaar en hy het tans 90% gesig in dié oog. Daar bestaan 'n moontlikheid dat die ander oog ook binnekort gedoen sal word en ons sal gereed wees om te help wanneer die tyd aanbreek.

Ons het die name van 10 persone, wat hul oë aan die Buro vir die Voorkoming van Blindheid geskenk het, ingestuur.

Die maandelikse handwerkklas wat in die lokasie gehou word

blyk 'n groot sukses te wees aangesien dit nie net die blindes die geleentheid gee om bymekaar te kom en te gesels nie, maar ook aan hulle die geleentheid bied om te leer om hul hande te gebruik. Hulle het geleer om mandjies van gras en rafia te maak terwyl die vroue ook geleer het om te brei en matte te maak. Al die materiaal word vir hulle gekoop en hulle ontvang die bedrag waarvoor die artikel verkoop word. Hierdie mense maak goeie vordering en die werk wat deur hulle gelewer word is van 'n goeie gehalte.

Die Vereniging betaal onderhoud vir 8 nie-Blankes by opleidingskole en stuur maandeliks 16 bewysstukke aan hulpbehoewende blindes waarmee hulle kruideniersware kan bekom. Gedurende elke Desembermaand hou ons 'n „Our Pound Day" wanneer ons dan geskenke, ens., ontvang vir hulpbehoewende blindes. Pakkies word gegee aan nie-Blankes en minder gegoede blanke kinders en so word geluk aan baie verskaf.

Met die oog op die bevolkingsaanwas van die Vrystaatse Goudvelde is besluit om die inwoners van Welkom te nader met die oog op die stigting van 'n welsynsvereniging vir blindes aldaar. Gedurende Februarie van hierdie jaar het die Voorsitter van hierdie Vereniging 'n vergadering, belê deur die Welkomse Tak van die Nasionale Raad vir Vroue, bygewoon. Die doel van die vergadering was om 'n tydelike komitee aan te stel om welsynswerk te verrig en sedertdien is ons konstitusie só gewysig dat Welkom sy eie vereniging vir blindes kon stig.

## OUDTSHOORNSE BURGERLIKE BLINDESORGVERENIGING.

W.O. 860.

Hierdie Vereniging, wat op 14 Mei 1945 gestig is, het 'n moeilike bestaan gevoer maar danksy die ywer en belangstelling van 'n paar persone, tog daarin geslaag om kop bo water te hou. Persone wat ons hier wil noem is mevv. van Soelen en Mulder en eerw. Wiley.

Gedurende 1959 is eerw. Poulson as voorsitter en mnr. P. van Niekerk as waarnemende sekretaris gekies en vier komitee-vergaderings is gehou. 'n Straatkollekte, gehou in dieselfde jaar, het die bedrag van £44.0.6 opgelewer.

Deur bemiddeling van die Vereniging is 'n suksesvolle oogoperasie op 'n kleurlingseun uitgevoer. Sy familie was hieroor baie dankbaar. Brille is verskaf en verdere operasies is op Staatsonkoste uitgevoer. Die Vereniging is veral dank verskuldig aan die plaaslike oogarts vir sy dienste wat hy gratis verskaf het aan persone wat deur die Vereniging na hom verwys is.

## PORT ELIZABETHSE BURGERLIKE BLINDESORGVERENIGING.

W.O. 411.

Die Vereniging kan met trots verslag doen van twee vol, besige jare. In ons twee werkwinkels was ons 43 blindewerkers gedurig besig onder die bekwame toesig van ons drie instrukteurs. Vyf nuwe werkers is in diens geneem in 1958-59 te Mountweg, en twee kreupelblindes net deeltyds gewerk. Te Ethembeni, New Brighton, is ook vier nuwe werkers in diens geneem.

Ons verkope het gestyg van £7,447 aan die einde van 1958 tot £8,777 aan die einde van 1959. Ons verfspuit kamer is byna voltooi. Ons voel dat dit baie sal bydra om ons mandjies meer aantreklik te maak, en dus beter te verkoop. Ons nuwe rottang met plastiese omhulsel blyk baie gewild te wees.

Die enigste verbeterings wat ons kon aanbring te Ethembeni was die opknapping van die kantoor en die oprigting van 'n draadheining om ons gebou. Lede van ons Komitee was verantwoordelik vir vyf straatverkopings, wat aansienlik belangstelling gewek het, en ons afset was bevredigend.

By die jaarlikse Landboutentoonstelling het die uitstalling van ons werk baie belangstelling geniet. Moderne stoele, tafels, kinderkamermeubels, handmandjies, ens., het 'n nuwe belang geskep by ons werkers, en ook hierdie artikels verkoop goed. Ons matrasmakers te Mountweg het altesaam 1,364 matrasse van verskillende soorte gemaak.

Ons welsynswerk neem toe. By ons sentrum het 1,341 gevalle aandag geniet, terwyl 1,222 buitebesoeke afgelê is. Ons het 54 brille verskaf aan behoeftiges. Die Vereniging het die name van ongeveer 196 skenkers ontvang wat hulle oë wil skenk na hul dood vir horingvlies-oorplanting op blindes. Verskeie sulke operasies is plaaslik uitgevoer. Ons is dankbaar vir plaaslike dokters en oogartse wat gehelp het met hierdie operasies.

Ons het gehoop om 'n begin te maak met die bou van huise vir ons getroude kleurlingwerkers, asook 'n hostel vir die ongetroudes te Gelvandale. Akkommodasie vir hierdie werkers word dringend benodig. Die werk is ongelukkig vertraag omdat die Stadsraad se bouplanne nog nie geregistreer is nie.

Ons stel belang in die vordering wat 12 van ons kinders te Athlone maak. Ons het gedurende die Junie- en Desembervakansies aan hulle hulp verleen.

Die Konferensie van die Suid-Afrikaans Nasionale Raad vir Blindes wat te Port Elizabeth gehou was van 14 tot 17 Oktober 1958, sal lank deur ons onthou word. Dit was aangenaam om soveel andere te ontmoet wat dieselfde belange as ons het. Die Konferensie in die Port Elizabethse Stadsaal is geopen deur dr. J. A. Grobler, Hoof van Professionele Dienste van die Departement Volkswelsyn. Die Burgemeester, mnr. A. Markman, het alles in sy vermoë gedoen om die tyd vir almal aangenaam te maak.

Die Mildred Marks Tuin vir Blindes, 'n geskenk van die Stadsraad, is op 14 Oktober 1958 amptelik geopen. Die brailleskrif op die naambordjies van die verskillende soorte blomme en struike is deur die Athlone Skool vir Blindes gedoen. Donasies vir banke in die tuin is ontvang van die volgende: A.C.V.V. Takke van P.E. Wes, Newtonpark, (Moedergemeente), P.E. Sentraal, Union of Jewish Women, P.E. V.L.U. mnre. Van Vollenhoven en Delport, dr. J. P. Hartman en anoniem.

Op die oomblik is ons Presidente, mev. Marks oorsee om 'n welverdiende vakansie te geniet. Sy keer in Oktober terug.

Ons innige dank aan die Departement Volkswelsyn vir toelae en vermeerderingstoelae t.o.v. salarrise. Aan Port Elizabeth en Walmer en distrik Gemeenskapkas vir milde jaarlikse bydrae. Ook aan ons talle vriende van die blindes. In besonder wil ons die Rotariërs, Round Table, Inner Wheel, Christmas Cheer en Lions International bedank vir hulle hulp, ons waardeer dit.

## PRETORIASE BURGERLIKE BLINDESORGVERENIGING.

W.O. 843.

Ons aktiwiteite het gedurende die afgelope twee jaar gedei en toegeneem en ons het ons dienste, waar die moontlikheid homself aangebied het, uitgebrei.

Een van ons nuutste ondernemings is die weef-afdeling en die moontlikhede vir hierdie tipe werk lyk goed aangesien dit goed ontvang is en ondersteun word deur alle seksies van ons gemeenskap.

Die uitstalling tydens die jaarlikse Industriële Skou, van werkstukke gemaak deur werknemers in ons werkwinkel, is gedurende die afgelope jare moontlik gemaak deur die Noord-Transvaalse Kamer van Nywerhede en dit is 'n belangrike vertoonvenster en reklamemedium. As gevolg hiervan het ons bestellings van wyd en suid ontvang — iets wat nie sou gebeur het as dit nie was vir hierdie waardevolle reklame nie. Die beloning wat ons ontvang het was bemoedigend vir ons blinde werknemers en dit het aan hulle die gevoel gegee dat ook hulle 'n deel uitmaak van die mededingende nywerheidswêreld. Op die Goue Medaljie wat hulle tydens die laaste Skou, waar net 10 goue medaljes toegeken is, verower het, voel hulle baie trots.

Net soos alle ander besigheidsondernemings en verenigings voel ook ons die steeds toenemende mededinging. Sekere vroue-verenigings het hul lede rottang- en wilgervlegwerk geleer en die gevolg is dat ons nou meeding met siende persone sowel buite as binne Suid-Afrika. Afset vir die produkte moet gevind word en ons voel dat 'n bemarkingsraad in die lewe geroep behoort te word.

Die derde verjaardag van ons Kinderhawe is vanjaar gevier. Die herinnering aan ons vriende wie in 'n ernstige ongeluk met die Vereniging se Kombi betrokke was, was die enigste dempende faktor.

Die verliese gely ten opsigte van ons werkwinkel is hoër as dié van vorige jare en kan toegeskryf word aan die toenemende mededinging, hoër lone, verhoogde koste van rou materiaal en ander administratiewe uitgawe. Daar word volgehou met die aansporingsbonusstelsel (waarop geen subsidie ontvang word nie) aangesien dit dien as aansporing vir ons blindes om te werk vir 'n verbeterde status.

## S.A. BLINDE-WERKERSORGANISASIE, JOHANNESBURG.

W.O. 331.

——Sedert die Konferensie van die S.A. Nasionale Raad vir Blindes, 1958, het die S.A. Blinde-werkersorganisasie onverpoosd voortgegaan om dienste aan die blinde werker te lewer. Indiensplasing was en is nog steeds die hoofdoel van die Organisasie. Gedurende die afgelope

twee jaar is daar ongeveer twintig persone van werk in die ope arbeidsmark voorsien terwyl slegs twee persone as telefoniste opgelei is. Die meerderheid van hierdie persone het werk op die Witwatersrand gevind terwyl etlike te Port Elizabeth en Oos-Londen geplaas is. Een plasing is ook te Allenridge waargeneem.

Die Braille-transkripsieburo van die S.A.B.W.O. herdenk reeds sy agste verjaardag. In hierdie tydperk is dienste hoofsaaklik aan volwasse individue gelewer afgesien van ras of geloof. Die aanvraag na die dienste van die Buro het gedurende die afgelope twee jaar vinnig toegeneem sodat daar by tye nouliks met die werk voorgehou kon word. Ondermeer is daar kookboeke, lesings, professionele boeke, dokumente ens., oorgeskryf.

Die S.A. Blinde-werkersorganisasie het ook kennis geneem van die ernstige tekort in Afrikaanse Braille boeke en besluit om alles in sy vermoë te doen om die boeketal by die S.A. Biblioteek aan te vul. Fondse is vir hierdie doel ingesamel en ondersteuning is veral van munisipaliteite ontvang. Ook het die Organisasie daarin geslaag om 'n toekenning van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap te kry. Sedert die Braille-transkripsieburo in Oktober 1958 'n begin gemaak het om Afrikaanse boeke oor te skryf is daar reeds tot op 1 Junie 1960, 75 boeke afgelewer.

Die Braille-transkripsieburo onderneem ook reeds vir 'n geruime tyd al die bindwerk vir die S.A. Biblioteek vir Blindes. Tot op datum is reeds meer as 600 braille-dele gebind.

Die Buro het ook aansienlike hoeveelheid werk vir die S.A. Nasionale Raad vir Blindes en die Burgerlike Blindesorgvereniging van Johannesburg onderneem.

S.A. Blinde-werkersorganisasie het ook 'n belangrike rol in die eerste Braille-leeskompetisie deur die S.A. Nasionale Raad vir Blindes gereël, gespeel. Ondermeer het die Organisasie die beker vir die tweetaligheidskompetisie in die blanke afdeling geskenk.

Sommige van die takke van S.A.B.W.O. het hulle veral toegespits op noodleningswerk onder hulle lede. Groot somme geld is bestee om families van die nodige te voorsien terwyl pas blindgeworde broodwinners gerehabiliteer en in diens geplaas is. Die Organisasie het ook sy sosiale dienste uitgebrei en in hierdie opsig het die kinders veral voordeel getrek. Van die baie funksies wat gehou is, was die kersboom sekerlik die gewildste.

Die S.A.B.W.O.-beurs is ook gedurende 1960 vir die eerste keer aan 'n universiteitstudent toegeken. Mej. E. Snyman, wat tans aan die Universiteit van Potchefstroom studeer, het die beurs ontvang, wat £150 werd is. Drie aanspoorbeurse is ook aan leerlinge van die Skool vir Blindes uitbetaal.

## S.A. GIDSHOND-VERENIGING VIR BLINDES.

W.O. 1751 — JOHANNESBURG.

By die Vereniging se opleidingsentrum in Johannesburg word gidshonde vir blindes opgelei en beskikbaar gestel.

Tot April 1960 is gidshonde reeds aan 25 blinde manne en vroue in Suid-Afrika gegee. Niks word vir hierdie gidshonde gevra nie,

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.